

'n Blik op erfenisbewaring

Johann Lodewyk Marais
Universiteit van Pretoria

A perspective on heritage conservation

This article discusses the challenges of heritage conservation for Afrikaans literature. Reference is made to the famous library of Alexandria (Egypt), which inter alia had the patronage of Cleopatra the Great. It was burnt down in 642 AD by an army under Amr ibn al 'Asad. In 2002, the Bibliotheca Alexandrina was opened to "replace" and honour its predecessor. In recent years initiatives were also taken to help to preserve the antique manuscripts in the Ahmed Baba Institute for Higher Education and Islamic Research in Timbuktu (Mali), while the Karen Blixen Museum near Nairobi introduces thousands of visitors (including Kenyan citizens) to this famous Danish writer every year. In South Africa the Human Sciences Research Council phased out research on South African literature and got rid of manuscripts in its possession. However, various archives in South Africa still preserve their manuscripts. The collection, preservation and utilisation of these resources are important and can contribute to the prestige and pride of a nation.

I

Ek is uitgenooi om oor enkele fasette van die stand van erfenisbewaring in Suid-Afrika te praat. Die uitnodiging spruit waarskynlik uit my opmerkings op 19 Junie 2007 tydens die byeenkoms van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria waar "'n Reddingsplan vir NALN" bespreek is. Ek het dié dag onder meer gesê dat dit belangrik is om tydens hierdie gesprekke nie net aandag aan die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) te gee nie, maar om in 'n breër verband na die bewaring van letterkundige skatte te kyk.

Die doel met my kursoriese opmerkings was om die aandag daarop te vestig dat van die kwessies wat vir NALN geld, in meerdere of mindere mate ook vir ander bewaringsaksies geld of dat soortgelyke gebeure as dié by NALN hulle in die verlede voltrek het sonder dat die Afrikaanse gemeenskap hulle eintlik daaraan gesteur het. Ek verwys byvoorbeeld na die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se eertydse Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL) waar besluite geneem is wat sowel die benutting as die bewaring van letterkundige dokumente beïnvloed het.

Vandag gaan ek inderdaad dieper op enkele fasette van erfenisbewaring in Suid-Afrika in. Ek maak egter nie op volledigheid aanspraak nie, dit wil sê

dis nie 'n soort RGN-oorsig oor 'n bepaalde kwessie soos wat 'n doktor Karel Prinsloo dit ten opsigte van sê nou maar taalbeplanning sou doen nie! Vir my benadering en uit die aard van my belangstellings gaan ek my nie tot die Suid-Afrikaanse konteks beperk nie (al moet ek sodoende 'n mate van "patriotisme" inboet). My oogmerk is om die uitdagings van erfenisbewaring vir die Afrikaanse literatuur toe te lig. My waarnemings doen ek as 'n skrywer, letterkundige en die afgelope aantal jare ook as geskiedenisstudent. Soos tydens die vorige byeenkoms verteenwoordig ek geen organisasie nie en behoort ek tot geen intellektuele of taalaktivistiese *morán* ('n hegte broederskap van die Maasai en Samburu in Oos-Afrika ná besnydenis) nie, maar hoop dat my opmerkings 'n bydrae tot hierdie gesprek sal lewer.

II

'n Filosofiedosent aan die Universiteit van Pretoria het op 'n keer in ons eerstejaarklas 'n verhaal oor die ondergang van die antieke biblioteek van Alexandrië in Egipte vertel. Dit bly my steeds by en ek wil my bydrae daarmee begin. Dié biblioteek, 'n deel van die groter *Μουσείον*, het in die derde eeu voor Christus in Egipte in die regeertyd van Ptolemeus II ontstaan. Die *Μουσείον* het 'n tuiste gebied aan musiek en poësie, maar het ook oor 'n groot versameling kunswerke, en literêre en wetenskaplike geskrifte beskik, en aan ons die woord "museum" besorg.

Presies hoeveel geskrifte in die biblioteek was, is vandag onbekend. Onlangse opgrawings bewys wel die biblioteek was 'n belangrike sentrum vir navorsing en geleerdheid, wat in verskeie geboue naby die *Μουσείον* gehuisves was. Volgens oorlewering het Ptolemeus III sover gegaan om te bepaal dat besoekers aan dié hawestad alle boeke, perkamentrolle en ander geskrifte in hulle besit moes oorhandig om deur die amptelike skribente oorgeskryf te word. Soms was die teks so waardevol dat die biblioteek besluit het om die oorspronklike werk te hou en net 'n kopie aan die vorige eienaar terug te gee. Met hierdie aanwinste uit "skeepsbiblioteke" en die aankoop van bykomende materiaal in die gebiede om die Middellandse See het die biblioteek vinnig uitgebrei.

Marcus Antonius sou ook aan Cleopatra die Grote meer as 200 000 perkamentrolle vir die biblioteek skenk, sodat die biblioteek met sy 700 000 perkamentrolle in haar regeertyd sy gelyke selfs nie in Europa geken het nie (kyk Foreman, 1999:46 en 49).

My dramatiese filosofiedosent het vertel dat die biblioteek van Alexandrië vernietig is toe 'n leër onder leiding van Amr ibn al 'Aas die stad in 642 na Christus aangeval het. Volgens verskillende weergawes deur geskiedkundiges het die bevelvoerder aan die kalief Umar gevra wat om met die geskrifte

in die biblioteek te maak, waarop hy (aangehaal in Wikipedia, 2009) die volgende antwoord gekry het:

They will either contradict the Koran, in which case they are heresy, or they will agree with it, in which case they are superfluous.

Vervolgens is die geskifte verbrand om, soos die oorlewering dit wil hê, badwater vir die soldate warm te maak.

Oor die waarheid van hierdie verhaal is daar vandag meningsverskil. Geskiedkundiges wat die geskiedenis van die biblioteek nagegaan het, noem ook drie vroeëre geleenthede toe die biblioteek ten minste gedeeltelik deur brand vernietig is. Hoe ook al, teen die agtste eeu het die biblioteek van Alexandrië sy invloed verloor. Daar is byvoorbeeld geen aanduidings dat die biblioteek 'n rol in die Islamitiese wêreld gespeel het of selfs net gedeeltelik in die biblioteek van die Al-Azhar-moskee en later in die steeds bestaande versameling van die Universiteit van Kaïro opgeneem is nie (Anonymous, 2009b).

My filosofiedosent se verhaal oor die vernietiging van die biblioteek van Alexandrië het weliswaar my verbeelding aangegryp en my met 'n gevoel van groot verlies van kosbare intellektuele skatte gelaat. Toe dit enkele jare gelede bekend geword het dat 'n inisiatief van die Universiteit van Alexandrië, met die steun van die Egiptiese president Hosni Mubarak en UNESCO, daartoe gaan lei dat 'n nuwe Bibliotheca Alexandrina by Alexandrië aan die kus van die Middellandse See opgerig gaan word, was ek dadelik nuuskierig. Dit het sewe jaar geduur voordat die indrukwekkende gebou ten bedrae van US\$212 miljoen en met heelwat steun van Arabiese lande op 16 Oktober 2002 geopen is. Die ontwerp is deur die Noorweegse argitekturfirma Snøhetta gedoen. Die vernaamste kenmerk van die gebou waarin die biblioteek gehuisves word, is "its circular, tilting form; rising from the ground to reveal massive stone walls carved with alphabetic inscriptions. Covered by a light roof allowing the building to open toward the Mediterranean sea" (Anonymous, 2009a). Vir my is die totstandkoming van die Bibliotheca Alexandrina met onder meer rakruimte vir agt miljoen boeke en wat gou unieke skenkings ontvang het 'n opwindende gebeurtenis.

III

Afrika het met verloop van tyd ook ander belangrike manuskripversamelings opgebou. Hierdie dekade is daar tewens begin met 'n inisiatief waarby Suid-Afrika ten nouste betrokke is wat my net so opgewonde maak soos die herlewering van die Bibliotheca Alexandrina. Ek praat van die ooreenkoms tussen die regerings van Suid-Afrika en Mali wat in 2002 onderteken is om die an-

tieke manuskripte in die Ahmed Baba-instituut vir Hoër Onderwys en Islamitiese Navorsing in Timboektoe aan die Nigerrivier in daardie Wes-Afrikaanse land te help bewaar (Department of Foreign Affairs, 2005).

Timboektoe was lank bekend as 'n sentrum vir navorsing op die gebied van die wiskunde, sterrekunde, chemie, medisyne, weerkunde en godsdiens. So-wat 18 000 Arabiese tekste op delikate papier wat uit die dertiende eeu dateer, het behoue gebly, baie in privaat versamelings in geboue en wonings van modder en hout. In die tyd toe Mali 'n belangrike trans-Sahara-handelsroete (onder meer danksy die goud-, sout- en slawehandel) was, het talle kunstenaars, digters, akademici, politici en godgeleerdes daarheen gegaan. Die nagedagtenis aan Timboektoe se ekonomiese, intellektuele en geestelike glorie het voortbestaan lank nadat die handelsroete oor land veral as gevolg van Europese skeepsvaart langs die Weskus van Afrika hoofsaaklik net maar nog nomade met soutblokke op hulle kamele bedien het (kyk Jeppie & Diagne, 2008).

'n Insamelingsdinee vir die trustfonds wat deur die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika bestuur gaan word, is op 1 Oktober 2005 vir Suid-Afrikaanse besighede en privaat skenkers gehou. Die fonds beoog om die manuskripte in die Ahmed Baba-instituut te bewaar, 'n nuwe gebou vir die versameling op te rig en die bestudering van die versameling te bevorder. In sy toespraak by die dinee het president Thabo Mbeki (Department of Foreign Affairs, 2005: 2) onder meer die volgende oor die versameling gesê:

These manuscripts debunk the myth that the tradition in Africa was always and only an oral tradition. The manuscripts point to the significance of the written tradition – a tradition that long predates the arrival of European colonisers on the soil of Africa.

Die Timboektoe-manuskripte, wat toerisme na Mali reeds 'n hupstoot gegee het, het in Suid-Afrika 'n hoë status aangesien dit die eerste amptelike kultuurprojek is van die Nuwe Vennootskap vir Afrika-ontwikkeling (of NEPAD), die sosio-ekonomiese herlewingsplan van die Afrika-unie. Die manuskripte is ook 'n Suid-Afrikaanse Presidensiële projek wat deur die Presidensie en die Departement van Kuns en Kultuur deur die Nasionale Argief in Pretoria gekoördineer word. 'n Beraamde R36 miljoen is nodig vir hierdie projek wat oor vyf jaar sal strek.

IV

Natuurlik is daar ook in ander Afrikalande belangrike manuskripversamelings, mondelinge oorleweringe en ander literêre skatte. Vir sommige van hierdie lande is die bewaring van hierdie erfenis 'n hoë prioriteit, terwyl ander veel

meer kan doen om hulle erfenis te bewaar en ook as 'n opvoedkundige en toerismebate te ontwikkel.

Baie besoekers aan Kenia is bekend met die Karen Blixen-museum buite die hoofstad Nairobi, waar die beroemde Deense skrywer van onder meer *Out of Africa* (1937) van 1917 tot 1931 gewoon en met koffie geboer het. Die huis is reeds sedert 1985 oop vir die publiek en bykans 50 000 Keniane en besoekers van dwarsoor die wêreld gaan jaarliks daarheen. Buitelanders word waarskynlik aangetrek deur die intellektuele charisma van dié skrywer en die mite wat die rolprent *Out of Africa* (1985), met Meryl Streep en Robert Redford in die hoofrolle, van die skryfster en haar minnaar Denys Finch Hatton help skep het. Toe ek tydens 'n besoek aan dié huismuseum aan die gids, Rosemary Aguta, vra of en hoeveel Keniane die huis besoek, het sy soos volg geantwoord: "There are many, because she was kind to the people who worked for her." Karen Blixen se nagedagtenis as 'n simpatieke werkgewer vir sowat 600 werkers op haar koffieplaas het bly voortbestaan.

Die Karen Blixen-museum het oor die jare baie ondersteuning van die Deense regering gekry, wat die huis en die grond waarop dit staan aan die regering en mense van Kenia geskenk het. Die Deense regering het ook bygedra tot die publikasie van 'n uitstekende handleiding deur Tove Hussein (2005).

Dit is te verstane dat 'n swak ekonomie talle Afrikalande noop om beskikbare geld eerder aan lewensnoodsaaklike projekte as aan die ontwikkeling van museums en argiewe te bestee. Heel dikwels bly sulke instellings weliswaar nog voortbestaan, maar noodsaaklike navorsingswerk en ontsluitingsaktiwiteite word afgeskeep en selfs gestaak. Tydens 'n besoek aan Bulawayo in Zimbabwe was ek beïndruk met hoe netjies die Natural History Museum met sy asemrowende dioramas van die land se natuurlewe in stand gehou word. Die natuurkundige navorsing wat vroeër in dieselfde museum gedoen is en Zimbabwe met figure soos F.W. Fitzsimons en Reay H.N. Smithers aan die voerpunt laat staan het, is egter afgeskaal.

V

Maar hoe lyk die situasie in Suid-Afrika ten opsigte van erfenisbewaring? Ek sal slegs enkele fasette aanraak en in die lig van my eie ervaring begin by die destydse SENSAL waar ek van 1983 tot 1990 'n navorser was. Die rede daarvoor is dat daar tot dusver min gedoen is om 'n bestekopname te maak van SENSAL se rol veral gedurende die 1980's, en om sekere fasette van die instelling se bestaan krities te beskou.

Toe SENSAL in 1981 met doktor Charles Malan as hoof tot stand gekom het, het die Sentrum weliswaar 'n voorloper gehad. Dit was die Dokumentasiesentrum vir Afrikaans, wat in 1970 binne die Instituut vir Taal, Lettere en

Kuns onder leiding van professor P.J. Nienaber geskep is en hoofde soos doktore P.G. du Plessis en Pirow Bekker aan die roer gehad het. Professor Nienaber se privaat versameling Afrikaanse boeke het aanvanklik die ruggraat van die Instituut gevorm, terwyl hy ook 'n *Bibliografie van Afrikaanse boeke* en 'n *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde* opgestel het om die wêreld van die Afrikaanse boek te karteer. Professor Nienaber het egter groter planne gehad en NALN in 1973 in die hartjie van Bloemfontein tot stand gebring om as museum met uitstalruimte en as navorsingsentrum vir die Afrikaanse letterkunde te dien.

Veral onder doktor Du Plessis se leiding het die Instituut vir Taal, Lettere en Kuns 'n redelike profiel as bewaringsinstelling vir die Afrikaanse literatuur gehad. Sedert die stigting van SENSAL onder doktor Malan het die navorsingsprofiel egter enorm vergroot en is geywer om 'n leidende inset te lewer tot die stimulering en koördinerings ('n geliefde SENSAL-oriëntasie waarvoor iemand soos professor Merwe Scholtz geen ooghere gehad het nie) van veral literêrsosiologiese navorsing oor die Suid-Afrikaanse literatuur. Waar SENSAL nie self oor die kapasiteit beskik het om hierdie navorsing te doen nie, is van kundiges buite die Sentrum gebruik gemaak. 'n Ambisieuse én suksesvolle uitvloeisel van hierdie inset was die reeks van ses literêre jaarroorsigte, getiteld *SA literature/literatuur*, saamgestel deur doktor Francis Galloway.

Benewens vir literêrsosiologiese navorsing is ook ruimte geskep vir die bestudering van progressiewe Sestigskrywers soos Etienne Leroux (kyk Malan en Van Coller, 1983), Bartho Smit, en Breyten Breytenbach (kyk Galloway, 1990). Gedurende hierdie jare was daar byvoorbeeld publikasies oor die esoteriese Leroux, waaraan 'n hand vol "uitgelese kenners" eksklusief meegewerk het, wat tot die hemelhoë kanoniserings van dié skrywer se werk gedurende die 1980's bygedra het. (Toe die Universiteit van die Vrystaat enkele jare gelede 'n seminarie oor Leroux aangebied het, is die vraag gestel of hy intussen vergete geraak het.)

Op 1 Oktober 1990 het SENSAL ophou bestaan en 'n jaar later is die dokumentasie wat intussen in die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Kunste-inligting (SASKI) bewaar is na die Staatsargief oorgeplaas, waar dit sedertdien geen verdere aandag gekry het nie. In hierdie tyd het formele navorsing oor die Suid-Afrikaanse letterkunde en die befondsing daarvoor in die RGN tot 'n einde gekom. Die einde van SENSAL, waarvoor géén literêre haan gekraai het nie, het gekom toe doktor Tjaart van der Walt president van die RGN was en die organisasie te midde van snelle politieke hervorming en die meegaande navorsingstendensies 'n dramatiese koersaanpassing gemaak het.

Van die ideale tydens die RGN se herstrukturering was om groter legitimiteit te verkry (in daardie jare bykans 'n onbereikbare ideaal) deur navorsing te doen wat deur kliënte van buite befonds word. Terloops, indien genoeg

geld vir letterkundige navorsing van buite die RGN beskikbaar was, sou dit moontlik gewees het om hierdie navorsing voort te sit. Weliswaar sou kunstnavorsing wat nie 'n sterk dimensie van gemeenskapsbetrokkenheid gehad het nie (iets soos doktor Gerard Hagg se kunstesentrums) voortaan met groot wantroue bejeën word.

Hierdie agtergrond is myns insiens belangrik wanneer na besluite gekyk word wat by SENSAL (en die RGN) ten opsigte van erfenisbewaring geneem is. In die lig van die groot klem wat op navorsing van 'n literêrsosiologiese aard gelê is, het SENSAL gou afskeid geneem van 'n navorser soos me. Rothea Olivier (iemand wat vergelykbaar is met NALN se me. Erika Terblanche), wat vir die aanwinst en hantering van die dokumenteversameling verantwoordelik was. Me. Olivier (1983) se verhandeling oor onder andere die skryfster M.E.R. (onder studieleiding van professor Elize Botha) en haar boek oor Jochem van Bruggen is as uitpas met die nuwe rigting in SENSAL beskou, terwyl die oorblywende deel van die Nienaber-boekery as van min waarde beskou is.

Gedurende my tyd is min navorsing oor die dokumente in SENSAL se besit gedoen en skenkings (soos dié van Bartho Smit, Henk Rall en Koos Prinsloo) kon nie meer tot hulle reg kom nie. Buite SENSAL is min opleiding aan studente gegee om hulle voor te berei om argivale navorsing te doen en talle verhandelings en proefskrifte is gekenmerk deur blootstelling aan nuwe teoretiese benaderings (onthou dit was 'n era van paradigmawisseling) en pogings om dit op aanvaarbare tydgenootlike skrywers se werk "toe te pas". Dat figure soos professore Nienaber en Jacques P. Malan (laasgenoemde die hoofredakteur van die vierdelige *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie*) minder aanvaarbaar geword het en mettertyd binne die RGN as dinosourusse uit die verlede beskou is, was 'n logiese gevolg van hierdie aanpassings.

Boeke met Nienaber se *ex libris* voorin en Africana-boeke wat kort vantevore nog onder spesiale omstandighede bewaar is, het mettertyd vir R1 stuk op die RGN se uitverkoopingsstafel beland. Dit wat ons in Karel Schoeman se *Afskeid en vertrek* (1990) en Ingrid Winterbach se *Die boek van toeval en toeverlaat* (2005) oor die devaluasie van biblioteekversamelings gelees het, het in die wêreld daarbuite gestalte gevind. Dit wat binne enkele dekades tot stand gebring is, is "laat sterf", om J.C. Steyn se woorde in die gedig "Vrede" in *Die grammatika van liefhê* (1975) te gebruik. Dit is beslis nie net die nuwe regering wat vir hierdie tendens verantwoordelik was nie.

VI

Hoe is dit egter deesdae gesteld met erfenisbewaring in soverre dit die Afrikaanse literatuur aangaan? Weer eens gaan ek nie probeer om 'n volledige oorsig te bied nie, maar my opmerkings oor NALN tot my samevatting beperk.

Een van die versamelings waarmee ek redelik vertrouwd is, is dié wat veral gedurende die 1990's deur UNISA se Argief in Pretoria tot stand gebring is. Hierdie argief beskik oor uitstekende bewaringsfasiliteite, en baie van my eie dokumente en lêers oor SENSAL is in hierdie versameling opgeneem. Tans beslaan die geordende deel van die versameling sowat 45 kartonhouers, maar skenkings wat gedurende hierdie dekade gemaak is (ook die dokumente wat op SENSAL betrekking het), is nog nie georden nie. Volgens meneer Robert Pearce (2007), onder wie die Argief ressorteer, het dieselfde lot ook skenkings deur ander skrywers en letterkundiges te beurt geval. Die verlies aan kundigheid (in UNISA se geval onder andere die vroeë dood van me. Marietjie van der Walt) het saam met die stel van nuwe prioriteite tot hierdie situasie bygedra.

Ander versamelings waar Afrikaanse manuskripte en boeke bewaar word, is byvoorbeeld dié by die Universiteit van Stellenbosch (onder meer dokumente van C.J. Langenhoven, die Louw-broers en D.J. Opperman), die Universiteit van Johannesburg (Van Wyk Louw se boekery en dokumente van Eugène N. Marais), die Universiteit van die Vrystaat (onder meer Leroux, André P. Brink en Ingrid Winterbach), die Universiteit van Kaapstad (onder meer C. Louis Leipoldt en Marthinus Versfeld), die National English Literary Museum (NELM; onder meer Ingrid Jonker) en die PoëzieCentrum in Gent in België (waar die Ernst van Heerden-versameling Afrikaanse digbundels beskikbaar is). My lysie is nie volledig nie, maar toon aan dat sleutelversamelings nie net by NALN gehuisves word nie. Van hierdie versamelings word goed onderhou, maar dikwels word nuwe aanwinste nie gou ontsluit nie. Dus word die materiaal nie sonder moeite aan navorsers beskikbaar gestel nie en word min gedoen om die versamelings aan moontlike gebruikers bekend te stel. Wat veral ook duidelik is, is dat omvattende navorsing oor 'n skrywer meermale besoeke aan verskillende bewaarplekke noodsaak.

VII

Tydens die miniseminaar oor NALN, wat doktor Rudi M.R. Venter kundig en deeglik op *LitNet* ingelei het, is aandag aan talle kwessies in verband met NALN gegee. Dit is nie nodig om die debat op te som nie, maar ek wil in die lig van my voorafgaande bespreking 'n aantal aanbevelings maak:

- NALN verdien om, soos NELM, sy befondsing van die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur te kry, soos onder andere doktor Malcolm Hacksley, die direkteur van NELM, tydens die miniseminaar voorgestel het (Hacksley, 2007). Dit lyk nie asof daar in die verlede binne NALN oorweging aan hierdie kwessie gegee is nie.
- 'n Instelling soos NALN is 'n nasionale bate as deel van 'n netwerk van

bewaarplekke, maar dit is ook belangrik dat so 'n instelling nie net deur Afrikaanssprekendes as deel van die erfenisbronne van die Suid-Afrikaanse nasie gesien word nie. Dit kan ook gesond wees om 'n bewussyn te ontwikkel van hoe dié geheue en 'n beter begrip van sowel ons koloniale as postkoloniale eras 'n bydrae tot die ideale van die Afrika-rennaissance kan lewer.

- Veel groter benutting van boeke en manuskripte soos dié in NALN is nodig, en die literêre gemeenskap en opvoedkundige instellings moet 'n generasie studente help voorberei om argivale navorsing te doen. (In die lig van die maklike bekombaarheid van boekbesprekings wat sedert 1978 deur SA Media op die Internet beskikbaar is, is NALN se koerantknipseldiens van resente publikasies waarskynlik nie onontbeerlik nie.)
- Groter samewerking tussen bewaringsinstansies, ook met dié buite ons landsgrense, is nodig om kundigheid uit te ruil en by te dra tot die bekendstelling van 'n instelling soos NALN. Dit kan ook 'n bydrae lewer tot die stimulering van literêre toerisme, 'n grootliks verwaarloosde bevorderingsmoontlikheid van die Afrikaanse literatuur. Ook samewerking tussen NALN en opvoedkundige instellings in Bloemfontein en elders lyk voor die hand liggend.
- Die gevaar bestaan dat 'n debat soos hierdie geëskap kan word deur regse of neoregse taalaktiviste wat onder meer in hulle kommunikasie met die buiteland ongenuanseerde standpunte die wêreld instuur en min daartoe bydra om begrip vir regmatige pleidooie vir die erkenning van meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder. Vir 'n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap wat deel wil wees van die soeke na oplossings in 'n land en kontinent wat voor groot uitdagings te staan kom, is dit heel dikwels bloot 'n verleentheid.

VIII

My hoop is dat gesprekke soos hierdie sal bydra om ons met nuwe oë na erfenisbewaring te laat kyk. Dit is belangrik om moeite te doen om die kulturele erfenis van die wêreld te bewaar, soos my voorbeelde behoort te illustreer. Bewaringsaksies kan skouspelagtig wees, soos dié wat gespruit het uit die visie van François Mitterand, 'n voormalige Franse president, met die bou van Parys se Bibliothèque Nationale de France. Die biblioteek is in 1995 ingewy, en bevat elke boek en tydskrif wat sedert 1537 in Frans gepubliseer is (Anonymous, 2009d). Met hierdie kolossale en moderne projek het Mitterand 'n grootse argitektoniese nalatenskap vir hom en sy tyd geskep. Die bewaringsaksie kan ook minder skouspelagtig wees, soos dié van een van die eenaars van 'n oorgelewerde Arabiese manuskrip in Timboektoe, wat 'n stryd teen die

opdringerige sand van die Sahara voer deur voortdurend sand van die blaai van sy boek weg te blaas. Of iemand wat nie oor die vermoë beskik om sy of haar gedagtes neer te skryf nie wat 'n wonderlike storie êrens in die groot Afrikaanse nag aan belangstellendes oorvertel. Ja, die versameling, bewaring en benutting van dié skatte is belangrik en kan baie tot die prestige en trots van 'n nasie bydra. Regdenkende mense behoort hulle op die een of ander manier daarmee besig te hou.

Bibliografie

- Anonymous. 2009a. Alexandria Library. [A]. Available at: groups.yahoo.com/group/talkinaboutarchitecture/message/3596-115k <Accessed on 19 May 2009>.
- Anonymous. 2009b. The Bibliotheca Alexandrina. [A]. Available at: <http://www.bibalex.org/English/Overview/overview.htm> <Accessed on 14 May 2009>.
- Anonymous. 2009c. Bibliotheca Alexandrina (Library of Alexandria). [A]. Available at: www.travelegypt.com/siteinfo/BibliothecaAlexandrina.htm - 14k <Accessed on 19 May 2009>.
- Anonymous. 2009d. Francois Mitterand Public Library. [A]. Available at: <http://www.aboutparisvacations.com/visit-paris/public-library-paris.html> <Accessed on 14 May 2009>.
- Blixen, Karen. 1954 (1937). *Out of Africa*. London: Penguin.
- Department of Foreign Affairs. 2005. Address of the President of South Africa, Thabo Mbeki, at the SA–Mali Timbuktu Project Fundraising Dinner, City of Tswane, 1 October, pp. 1–4. [A]. Available at: <http://www.dfa.gov.za/docs/speeches/2005/mbek1001.htm> <Accessed on 14 May 2009>.
- Foreman, Laura. 1999. *Cleopatra's palace: In search of a legend*. New York and Toronto: Discovery Books.
- Galloway, Francis. 1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Hacksley, Malcolm. 2007b. *NALN as ongeëwenaarde nasionale kultuurskat*. Bydrae tot Wat word van ons argief?-miniseminaar. [A]. Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=14270&cat_id=166 <Geraadpleeg op 13 November 2008>.
- Hussein, Tove. 2005. *The Karen Blixen Museum: Nairobi*. S.I.
- Jeppie, Shamil and Diagne, Souleymane Bachir. 2008. *The meanings of Timbuktu*. Cape Town: HSRC Press.
- Malan, Charles & Van Coller, H.P. (reds.). 1983. *Bronnnegids: Etienne Leroux: 'n Gids tot navorsing oor Etienne Leroux se werke*. Pretoria, Kaapstad en Johannesburg: Academica. (SENSAL-publikasie nr. 5.)
- Olivier, D.M. 1983. Die skool van M.E.R. in die prosa van die vernuwing. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde MA-verhandeling.)
- Pearce, Robert. 2007. Persoonlike mededeling aan Johann Lodewyk Marais. 6 November.
- Karel Schoeman. 1990. *Afskeid en vertrek*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Steyn, J.C. 1975. *Die grammatika van liefhê*. Kaapstad: Tafelberg.
- Wikipedia. 2009. Library of Alexandria. [A]. Available at: http://en.wikipedia.org/wiki/Library_of_Alexandria <Accessed on 14 May 2009>.
- Winterbach, Ingrid. 2005. *Die boek van toeval en toeverlaat*. Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.